Familie Tuisblad

Jakobus 3:13
Is daar ’n wyse en verstandige mens onder julle? Dan moet hy dit toon deur sy goeie gedrag en deur dade wat van nederigheid en wysheid getuig.

fokus vers

20-26 September 2015

TEMA van die week

So: Jakobus 3:13-4:3, 7-8a
Ma- Di: Spreuke 31:10-31
Wo- Do: Psalm 1
Vr – Sat: Markus 9:30-37

BYBEL tyd

Ons probeer dade van nederigheid

BID tyd

Dankgebed (Gebed voor ete)
Here help ons ons kos in nederigheid eet en dankbaar wees vir elke krummel.
Oorgee-gebed
Help ons om vandag ander hoër as myself te ag.
Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)
Mag jy vandag beleef hoe ander jou ag.

GESELS tyd

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees: Jakobus 3:13-4:3, 7-8a
Oopskop vraag: Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?
Raakvat vrae:

- Wat is nederigheid vir jou?
- Wie ken julle wat vir julle ’n toonbeeld van ’n nederige mens is en hoekom sê jy so?
- Wat is vir jou ’n daad van nederigheid.
- Wie ken jy wat wys is en hoekom sê jy so?
- Hoe kan iemand jou help om meer nederig te word?

SPEEL tyd

Ons spandeer kwaliteit-tyd saam

Probeer een dag in die week ’n “laer as jy- speletjie speel”. Orals waar jy die week iemand in jou huis raakloop moet julle kyk wie die gouste hulle kop kan laat sak. Die een wat dit onthou wen.

DOEN tyd

Ons oefen ons geloof op ‘n praktiese manier

Kies as gesin ’n daad van diens wat julle gesin se nederigheid sal wys en verdiep. Kies ook ’n dag waarop julle dit gaan doen.

LEEF tyd

Ons leef ons geloof heel week uit

Kies elkeen een daad van nederigheid wat julle by vraag 3 beantwoord het. Jy moet dan besluit teenoor watter huis genoot of iemand in jou seksie/gang jy dit gaan betoon.

Ontwikkel deur
in samewerking met nous.org.za

NOUS